

28 Desember

Nie 'n hopelose einde nie, maar eindelose hoop

Skrifgedeelte: 2 Konings 6:24-33

Fokusgedeelte: 2 Konings 6:33

Wat 'n troostelose toestand met die beleg van Samaria! Armoede skreeu ten hemele. Die kop van 'n donkie kos een kilogram silwer en 'n klein skeppie duiwemis 57 gram silwer. Mense het hulle basiese menslikheid verloor en selfs kannibale geword – 'n ma gee haar kind om “gekook en geëet” te word (vs 29).

Die nood van alle nood om in te versink, is om God te blameer vir teenspoed. “Kyk watter ellende het die Here oor ons gebring. Hoe kan ek nog op die Here hoop!” (vs 33). Nood toets jou geloof. Tye van nood is geen geleentheid om sondebokke te soek nie. Dis tyd vir verootmoediging en vertrou. Hoop bestaan daarin dat jy glo en vertrou dat *neergewerp* nie beteken *verwerp* nie; *gekasty* beteken nie *ontarf* nie. Soos Paulus sê: “*In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie; op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.* (2 Kor 4:8, 9).

In nood laat hoop 'n positiewe noot klink: “*Maar dit sal ek ter harte neem en om dié rede sal ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom*” (Klaagl 3:21-24).

Nie 'n hopelose einde nie, maar eindelose hoop!

Sing: Psalm 73:10-12 (Totius)

Dr. Pieter Bingle (Emeritus)